

## My Geboortesertifikaat

Wanneer iemand vir my vra of ek 'n kind van my pa is, antwoord ek: 'Ja, natuurlik.' As die persoon verder sou vra: 'Hoe weet jy dit? Wat is jou bewys daarvoor?' Dan gaan haal ek my geboortesertifikaat. Dit is my bewys!

Wanneer iemand my vra: 'Is jy 'n kind van God?' Dan antwoord ek: 'Ja deur die genade van God is ek seker daarvan.' As hierdie persoon verder sou vra: 'Maar hoe weet jy dit? Wat is jou bewys?' Dan gaan haal ek my geestelike geboortesertifikaat - Johannes 1 vers 12.

*'Maar aan almal wat Hom aangeneem het, die wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.'*

Hierdie vers het my geboortesertifikaat geword toe ek die Here Jesus se voorwaardes vir kindskap in die geloof toegeëien het. Hier is die twee voorwaardes of vereistes om 'n kind van God te word:

- \* Om Jesus Christus aan te neem.
- \* Om in sy naam te glo.

### 1. OM JESUS CHRISTUS AAN TE NEEM

Wat beteken dit? Dit beteken 'n paar dinge:

#### 1.1 Ontdek dat jy 'n SONDAAR is.

*'Almal het gesondig en is ver van God af.'* (Romeine 3 vers 23)

*'Daar is geen mens op aarde regverdig nie, niemand wat net goed doen en nie sondig nie.'* (Prediker 7 vers 20)

Jy en ek is by hierdie sondaars ingesluit. Sonde is nie slegs die sogenaamde groot en kriminele oortredings soos moord en diefstal nie. Wanneer jy kwaadpraat van iemand, of 'n vloekwoord gebruik; as jy kwaadword vir iemand of lelike dinge van iemand sê, is dit ook sonde.

## 1.2. Ontdek dat jy VERLORE is.

*'Die loon wat die sonde gee is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here.'* (Romeine 3 vers 26)

As jy 'n sondaar is, is jy geestelik dood. Jy bestaan maar net, jy lewe nie. Jy kan niks werklik geniet nie.

Die lewe is leeg en sonder betekenis. Die ergste is dat jy vir ewig dood is. Dit beteken dat die hel met al sy verskrikings vir jou wag.

## 1.3. Besef dat jy jouself NIE KAN RED NIE.

*'Daarom sal geen mens op grond van wetsonderhouding deur God vrygespreek word nie; in teendeel, deur die wet leer 'n mens wat sonde is.'* (Romeine 3 vers 20) Jou mooiste pogings, jou beste voornemens en probeerslae was en is onsuksesvol.

Niemand kan homself red nie. Die bybel sê dit is onmoontlik.

## 1.4. JESUS CHRISTUS is die ENIGSTE VERLOSSER.

*'Jesus het vir hom gesê: Ek Is die weg, die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie.'* (Johannes 14 vers 6) Daarom moet jy jou toevlug na Jesus toe neem dat Hy jou kan red. Alle mense is op soek na sekuriteit in hulle lewe. Jesus Christus alleen kan aan jou daardie volle sekuriteit gee.

## 1.5. JESUS se KRUIS - die ENIGSTE OFFER.

*'Oor ons oortredings is hy deurboor, oor ons sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring was op hom, deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.'* (Jesaja 53 vers 5) Jesus het aan die kruis in jou plek gesterwe. Maar Golgota was byna 2000 jaar gelede en meer as 7 000 kilometer van ons af!

Openbaring 3 vers 20 gee vir jou die antwoord; *„Kyk, Ek staan by die deur en ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom feesmaal hou, en hy saam met My.‘*

Hoe maak 'n mens die deur van jou hart oop? As jy gewillig is om alles wat jy het - jou verstand, jou gevoelens, jou oë, ore, mond, hande, voete, jou verlede' jou toekoms, jou liefde, jou probleme - vir Jesus te gee, dan kom Hy deur sy Heilige Gees onmiddellik in jou lewe. Al wat jy moet doen is om vir Jesus te sê: 'Ek maak die deur van my hart wyd oop vir U.' Onthou om 'n gedeelte van jou hart vir Jesus te gee, beteken niks.

*‘Julle sal vra na my wil en julle sal my dan wil ken as julle met julle hele hart daarna vra.‘* (Jeremia 29 vers 13)

## 1.6. BELY JOU SONDES

*‘Maar as ons ons sondes bely - Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.‘* (1 Johannes 1 vers 9)

Wanneer 'n mens die Here Jesus in jou lewe innooi ontdek jy hoe baie sondes daar in jou lewe is. Dinge wat jy gedoen of nagelaat het, wat jy gedink en gesê het. Dan voel 'n mens om saam met Dawid uit te roep: *‘Ja my oortredings ken ek en van my sonde is ek altyd bewus.‘* (Psalm 51 vers 5) Moenie probeer om eers jou sonde reg te probeer maak nie; gee dit ook alles vir Jesus.

Onthou Psalm 51 vers 19 *‘U sal 'n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie, o God.‘*

Geen sonde is te groot of te klein om vergewe te word nie. Jy moet slegs gewillig wees om dit vir Jesus af te gee. In die volgende vers gee God aan jou 'n waarborg dat Hy jou van alle ongeregtigheid sal reinig. *‘Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu.‘* (Jesaja 1 vers 18)

## 1.7. Doen dit dadelik - NOU

*'.....vandag as julle sy stem hoor, moet julle nie hardkoppig wees nie....'* (Hebreers 3 vers 15) M<sup>o</sup>re mag dit te laat wees. Ook jou verlossing is moontlik as jy gewillig is om die volgende gebed te bid:

'Here, ek is 'n verlore sondaar.

Ek kan myself nie red nie.

U is die enigste wat my kan verlos.

Ek kom na U toe net soos wat ek is, met al my sonde. Ek het berou daaroor. Ek weet dat U ook aan die kruis vir my sonde gesterwe het en daarvoor betaal het met u bloed.

Vergewe my al my baie sondes.

Dankie dat U my nou witter as sneeu gewas het met u bloed.

Amen'

Jy het Jesus nou as jou persoonlike Verlosser aangeneem. Dus het jy die eerste voorwaarde om 'n kind van God te word, volgens Johannes 1 vers 12, nagekom.

## 2. OM IN SY NAAM TE GLO

Wat beteken dit?

Dit is meer as wat die duiwels doen. Hulle glo aan Jesus, maar hulle sidder. (Jakobus 2 vers 19) Om in Jesus se naam te glo beteken is om te weet dat agter die naam Jesus is 'n lewende Persoon. Die Seun van God wat uit die hemel na die wêreld gekom het om aan die kruis vir jou sonde te sterwe. Die Persoon agter die naam antwoord jou wanneer jy tot Hom roep. Hy sal jou nooit teleurstel nie. Jy kan Hom vertrou. Wanneer Hy 'n belofte gemaak het, sal Hy dit nakom. Die Amplified Bible vertaal die vers so: *'to those who believe in, ....trust in, rely on his name....'* (John 1

verse 1) Wanneer iemand vir jou 'n geskenk aanbied, sal dit nooit joune word deur bloot net om dit te begeer nie of daaroor te dinknie; of om te sê ek sal dit graag wil hê nie, of om selfs te vra of te pleit:Gee dit vir my nie. Die geskenk word mos aangebied. Hoe word 'n geskenk jou eiendom?

Jy moet besluit: Ek wil die geskenk kry. Jy moet die persoon wat die geskenk aanbied vertrou dat hy of sy ernstig is in die aanbod. Jy moet jou hand uitsteek en dit in ontvangs neem. So word die geskenk joune.

Jesus Christus bied vir jou die wonderlike geskenk van die ewige lewe aan. '*..die genadegawe wat God gee is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here.*' (Romeine 6 vers 23) Jy moet besluit jy wil graag die geskenk hê. Jy moet Hom vertrou dat Hy dit regtig bedoel in sy aanbod. Jy moet as't ware jou hand uitsteek en die geskenk van die ewige lewe in ontvangs neem deur te sê: 'Ek aanvaar die geskenk van die ewige lewe uit u hand. Dankie daarvoor Here.'

Wanneer jy 'n begeerte na die geskenk van die ewige lewe het kan jy die volgende gebed bid:

'Here ek glo in u naam en neem die geskenk van die ewige lewe aan wat U vir my aanbied. Amen'

Jy het nou die tweede voorwaarde van Johannes 1 vers 12 geïmplementeer. Die bybel sê:daarom is jy nou 'n kind van God. God waarborg dit vir jou. '*.....aan hulle het Hy die reg gegee om kinders van God te word.*'

Nou ky kan nou jou naam inskryf in God se geestelike geboortesertifikaat vir jou:

'Maar aan almal \_\_\_\_\_ wat Hom aangeneem het,  
die \_\_\_\_\_ wat in Hom glo, het Hy die reg  
gegee om kinders van God te word.'

---

Jou handtekening

---

Vandag se datum

Nou probeer 'n mens nie meer om 'n kind van God te wees nie, of  
hoop jy so nie. Nou IS jy sy kind! 'n Wonderlike voorreg!

Lees ook die dokument: Wenke en Waarhede vir Jong Christene.  
Dit sal jou help om geestelik te groei en vas te staan in die geloof.

Dr Ernst van der Walt